BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

9 Desember 2013.

OMSENDBRIEF AAN : LEDE VAN DIE BOND EN VERMEULEN AFSTAMMELINGE

Hiermee die Bond se omsendbrief.

ALGEMENE LEDEVERGADERING (2013)

'n Algemene ledevergadering is op 31 Augustus 2013 om 11: 00 in die saal van die NG Kerk Lynnwoodrif, Lanciastraat 269, Lynnwoodrif, Pretoria, gehou.

Saam met die ledevergadering het die Bond op dieselfde perseel vanaf 08:30 tot 14:00 deelgeneem aan die Genealogie- & Familie Erfenisfees wat deur die NG Gemeente Lynnwoodrif, Pretoria onder leiding van Isabel Groesbeek aangebied is.

Johan en Izak by die Bond se uitstalling by die Genealogie- & Erfnisfees

KONSTITUERING

Volgens die Grondwet en die getal lede soos op 18 Februarie 2013, vorm 14 lede ‘n kworum. By die vergadering was 11 lede teenwoordig en was ‘n verdere 24 deurmiddel van volmagte verteenwoordig.

VERKIESING VAN BESTUUR VIR 2013/14

Nominasies vir bestuurslede is vir die volgende lede ontvang en is hulle as die bestuur vir 2013/2014 verkies:

(a) Izak Stefanus Vermeulen,Robinhills, Randburg, 2194
(b) Johannes Petrus Vermeulen, La Hoff, Klerksdorp, 2571
(c) Marius Eugene Vermeulen, Faerie Glen, 0043
(d) Barend Johannes (Giep) Vermeulen, Irene, Pretoria, 0157.

Die volgende lid het, weens ander verpligtinge, hom nie weer as bestuurslid beskikbaar gestel nie :

Nicholas Francois Vermeulen,van Strubensvallei, 1735.
Nico baie dankie vir jou ondersteuning en hulp gedurende die tydperk wat jy as bestuurslid gedien het. Ons gaan jou mis.

NUWE BESTUURSLID : GIEP VERMEULEN :

Kortliks bietjie agtergrond oor Giep. (Soos deur homself verstrek):

Barend Johannes Vermeulen (Johan of Giep)

Ek kom van Lichtenburg af met die oes van 1959. Ek het skool gegaan op die plaas en daarna in Lichtenburg Hoërskool maar matriek geskryf in Silverton Hoërskool in Pretoria.

Ek sluit aan by die Lugmag in 1977 toe ek 17 was en vlieg Harvards voor ek motorkar kon bestuur. Daarna vlieg ek Impalas en doen omtrent ‘n jaar se bostoere soos baie van ons generasie gedoen het. In 1981 kwalifiseer ek op Mirage-3 vegters en word ook uitgeplaas na 1 Eskader waar ek vir 3 jaar die Mirage F1AZ vlieg. Ek trou met my vrou Linda-Ann Fouché ook in 1980. Ons het drie dogters en een seun en twee kleinseuns. My seun woon in die VSA en is getroud met ‘n Amerikaanse meisie van Hollandse afkoms met die van Banta (Bonte).

Deur die Lugmag kry ek ook die geleentheid om ingenieurswese te gaan swot by Tukkies en voltooi die graad in 1989. Na die paar jaar as ‘n ‘civvie’ gaan ek terug na 1 Eskader vir nog ‘n toer en bedank by die Lugmag in 1992. Daarna werk ek by die WNNR op militêre projekte en bly in die vliegbedryf asook elektronika vir die res van my loopbaan.

Die Vermeulen naam het altyd by my gespook en lank voor ek van die Vermeulen navorsing geweet het, het ek my eie voorouers met moeite nagevors. Die feit dat Johan en Isak hierdie enorme taak

verrig het, is iets uitsonderlik. Nie baie vanne in Suid Afrika het so boek nie. Ek deel graag my tyd en vermoëns om die werk verder uit te dra.

Die Bond verwelkom Giep as bestuurslid. Hy het reeds, sedert hy lid geword het, aktief by die navorsing betrokke geraak en reeds die foto-album van die Vermeulen grafte opdateer met ongeveer 300 grafte wat ons nie voorheen gehad het nie. Verder is Giep vertroud met die PAF5 program, die program waarop die Vermeulen databasis bygehou en opdatum gehou word. Dit gaan ook Giep se taak word om hierdie databasis mettertyd oor te neem.

FINANSIëLE STATE :

Die finansiële state is voorgelê en aanvaar. Die Bond het die jaar afgelsuit met opgehoopte fondse van R19 371.00. (Dit sluit 'n bedrag van R3260.00 vooruitbetaalde ledegelde in).

LEDETAL :

Ons ledetal soos op 28 Februarie 2012 was , Lede 112 en vriende van die Bond 8.
Van die lede het 12 lede en 2 vriende nie hul ledegeld betaal en hul lidmaatskap hernu nie**.**
Ons het die jaar dus afgelsuit met 100 lede en 6 vriende.

Sedert Maart 2013 het die volgende persone aangesluit en word hulle hartlik verwelkom as lede of vriende van die Bond.:

Tersia Lynne Vermeulen (Ross), Dr.	Western, Australia.
Maria Susanna de Waal,	Postnet Suite 264, P/Sak X37, Lynwoodridge, 0040.
Johannes (Hanke) Fourie,	Posbus 36007, Menlopatk, 0102.

GESLAGSREGISTER :

Daar is tans nog 10 geslagsregisters en 24 cd's beskikbaar**.**

BOND SE FACEBOOKBLAD :

Die Bond se Facebookblad. **Die Bond van die Vermeulen Familie in Suider Afrika,** word bestuur deur Petrus Vermeulen van Prieska.

Petrus het gerapporteer dat:
Die blad tans 325 lede het.
Baie van die lede van die Bond dalk nie bewus is van die bestaan van die Facebookblad nie, of almal dalk nog nie rekenaarvaardig is nie.
Ons dankbaar is vir die 318 lede wat reeds saamgesels, en foto's en staaltjies op die blad deel.
Ons die Bond se bestuur en lede motiveer om aktief saam te gesels, steftes, geboortes en selfs ook prestasies van Vermeulens op die blad te deel.

Die bestuur is dankbaar vir die taak wat Petrus verrig.

DIE BESTUUR VAN DIE BOND SE BOODSKAP :

Die bestuur van die Bond wil graag van hierdie geleentheid gebruiik maak om elke lid van die Bond van harte te bedank vir hul ondersteuning en hulp gedurende die jaar.

Ons wens is dat elkeen van julle en jul families ‘n baie Geseënde Kerstyd sal beleef. Dat diegene wat met vakansie gaan die tyd sal geniet en dat elkeen wat hulle op die land se paaie sal bevind veilig sal reis.

Verder dat 2014 vir elkeen ‘n baie voorspoedige jaar sal wees.

Bond voorsitter :
Johan Vermeulen
Tel. 018 468 1473
Sel 083 627 0573
E-Pos : jverm@lantic.net

Bond sekretaris :
Izak Vermeulen
Tel. 011 793 7271
Sel 082 921 0344

Bond webblad : www.vermeulenbond.org